

Patrone van onkruidpopulasies in 'n langtermynbewaringsboerderyproef

ELBÉ HUGO, LNR-Instituut vir Graangewasse

Tydens die 2008/2009-seisoen het die LNR-Instituut vir Graangewasse (LNR-IGG) begin met 'n langtermynbewaringsboerderyproef op leemsandgrond (16% klei in die bogrond) wat tussen Klerksdorp en Ventersdorp geleë is.


Daar is nou al agt suksesvolle seisoene agter die rug waartydens verskeie navorsers data insamel om die voordele en sukses van bewaringboerdery te demonstreer. In die proef is die riglyne gevolg wat deur die Food and Agricultural Organisation of the United Nations (FAO) daargestel is, naamlik dat minimum grondversteuring of geenbewerking plaasvind (slegs tydens plant-aksie), daar gepoog moet word om soveel as moontlik grondbedekking te verkry en dat daar ten minste met drie gewasse gewissel moet word.

Hierdie bewaringstelsel word gesimuleer met die behandelings waar voersorghum-akkerbone-mielies en voersorghum-sonneblom-mielies in wisselbou geplant word onder geenbewerking. Daar is ook wel behandelings waar net twee gewasse geroteer word, naamlik mielies met akkerbone of sonneblom onder geenbewerking.

Twee behandelings waar mielies in monokultuur geplant word, met gewone konvensionele ploegbewerking en mielies in monokultuur onder geenbewerking, vorm ook deel van die proef.

In **Tabel 1** is 'n kort opsomming van die totale reënval en ook die gemiddelde maksimum temperature vir die afgelope ses seisoene. Die laagste reënval is tydens die 2011/2012-seisoen aangeteken, terwyl die hoogste reënval vir die afgelope seisoen aangeteken is.

Dit is egter misleidend aangesien die verspreiding van die reënval baie swak was. Die afgelope seisoen is ook gekenmerk deur die hoogste maksimum temperature. Omgewingstoestande, veral reënval en die verspreiding daarvan, het 'n groot invloed op onkruidgetalle en kan die kieming en



- ▲ 1: Beesgras.
- ▼ 2: Dubbeltjie.
- ▲ 3: Groenhondebossie.
- ▼ 4: Jongosgras.

TABEL 1: TOTALE REËNVAL EN GEMIDDELDE MAKSIMUM TEMPERATURE VIR DIE AFGELOPE SES SEISOENE.

SEISOEN	GEMIDDELDE TEMPERATUUR (MAKSIMUM) (°C)	TOTALE REËNVAL (MM)
2009/2010	25,1	663
2010/2011	25,1	600
2011/2012	26,2	401
2012/2013	26,4	541
2013/2014	26,2	609
2014/2015	27,0	693

